# Graad 8 – Boek C
**(Hersiene KABV uitgawe)**

# INHOUDSOPGAWE:


| | | Bladsy: |
|---|---|---|
| C1. | Konstruksie en meting | 3 |
| C2. | Lyne en hoeke | 19 |
| C3. | Driehoeke | 39 |
| C4. | Vierhoeke | 67 |
| C5. | Sirkels | 83 |
| C6. | Buite-oppervlakte en volume 3D | 97 |
| C7. | Transformasies | 117 |


Hierdie boek is opgestel en verwerk deur E.J. Du Toit in 2013.

Kontaknommer: 086 618 3709 (Faks)

Kopiereg© 2013. Alle kopiereg word voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag in enige vorm gereproduseer word nie, tensy skriftelike toestemming daarvoor verkry is.

ISBN 978-0-958443-13-5

# Hoofstuk C1


## Konstruksie en meting

Vir hierdie hoofstuk benodig jy die volgende: skerp potlood, liniaal, passer en gradeboog.

### C1.1 Hoeke en lyne:

### C1.1.1 Lynsegment:

*Vb.1 Konstrueer* $AB = 65$ *mm.*





*(a) Trek 'n lang lyn.*
*(b) Merk A.*
*(c) Meet met 'n passer 65 mm af op liniaal.*
*(d) Plaas punt van passer op A en kap 65 mm af by B.*

### C1.1.2 Hoeke:

*Vb.2 Konstrueer* $A\hat{B}C = 60°$.


*(a) Trek lyn AB.*
*(b) Plaas gradeboog, met "middelpunt" op B.*
*(c) Merk C af by 60.*
*(d) Verbind B en C.*




### C1.1.3 Halvering van hoek:

*Vb.3 Halveer* $P\hat{Q}R$.


*(a) Plaas passerpunt op Q en maak 'n bogie om PQ en QR te sny.*
*(b) Plaas passerpunt om die beurt op x en y en maak 'n kruisboog.*
*(c) Verbind Q met snypunt van kruisboog.*




### C1.1.4 Loodlyn:

*Vb.4 Trek 'n loodlyn deur M.*


*(a) Plaas passerpunt op M en maak bogies aan weerskante van M.*
*(b) Plaas passerpunt nou op beide (a)'s aan weerskante van M en maak "kruisbogies" aan weerskante van PMQ sodat dit die bogies in (b) sny.*
*(c) Verbind die snypunte van die twee bogies.*
*(d)* $\therefore LN \perp PMQ$, *m.a.w.* $P\hat{M}L = 90°$.



## C1.1.5 Middelloodlyn:

*Vb.5 Trek die middelloodlyn van MN in.*


*(a) Maak die passer oop op meer as die helfte van MN.*
*(b) Plaas passerpunt op M en maak bogies aan weerskante van MN.*
*(c) Plaas passerpunt nou op N en maak "kruisbogies" aan weerskante van MN sodat dit die bogies in (b) sny.*
*(d) Verbind die snypunte van die twee bogies.*
*(e) $\therefore$ MK = KN en KL $\perp$ MN, m.a.w. $M\hat{K}L = 90°$.*




## C1.1.6 Trek 'n loodlyn vanuit 'n punt op 'n lyn:

*Vb.6 Trek 'n loodlyn vanuit punt R op PQ.*

*(a) Plaas die passerpunt op R en maak bogies op PQ aan beide kante van R.*
*(b) Plaas die passerpunt om die beurt op die bogies in (a) en maak 'n "kruisboog" aan die anderkant van PQ.*
*(c) Verbind R met (b).*




Oefening 1:


Datum:______________

(1) (a) Konstrueer lyn AB = 45 mm.
(b) Konstrueer nou $A\hat{B}C = 45°$.


(2) (a) Konstrueer lyn MN = 60 mm.
(b) Konstrueer MN se middelloodlyn.

(3) (a) Konstrueer lyn PQ = 72 mm.
(b) Konstrueer $R\hat{Q}P = 60°$.
(c) Halveer $R\hat{Q}P$.

(4) Konstrueer 'n loodlyn op MN vanaf punt A.




(5) Konstrueer die volgende driehoek volgens die gegewe afmetings.
(Hierdie driehoek is nie volgens skaal geteken nie!)





☺ **Konstrueer RS // PQ met RS ⊥ AB en PQ ⊥ AB.**

## C1.2 **Driehoeke**:


*Vb.7 Konstrueer* $\Delta ABC$ *met:* $AB = 75$ *mm ;* $BC = 5{,}5$ *cm en* $AC = 55$ *mm*

(a) *Trek lyn AB = 75 mm.*
(b) *Met passer, meet 5,5 cm = 55 mm. af op liniaal en plaas passerpunt op B. Maak 'n bogie.*
(c) *Met passer, meet 55 mm af op liniaal en plaas passerpunt op A. Maak 'n bogie wat die bogie in (b) kruis.*
(d) *Waar (b) en (c) kruis is punt C.*





*Vb.8 Konstrueer* $\Delta PQR$ *met:* $PQ = 6{,}5$ *cm ;* $PR = 5{,}8$ *cm en* $\hat{P} = 40°$.

(a) *Trek lyn PQ = 65 mm.*
(b) *Konstrueer* $\hat{P} = 40°$ *met die gradeboog.*
(c) *Gebruik 'n passer en liniaal en merk 58 mm af. Met die passerpunt op P, merk 58 mm af op nuwe lyn.*
(d) *Waar (c) die nuwe lyn sny is punt R. Verbind RQ.*




*Vb.9 Konstrueer* $\Delta MNT$ *met:* $\hat{M} = 47°$ ; $\hat{N} = 65°$ *en* $MN = 0{,}06$ *m.*

(a) *Trek lyn* $MN = 0{,}06$ m $= 6$ cm $= 60$ mm.
(b) *Konstrueer by M 'n 47° met gradeboog.*
(c) *Konstrueer by N 'n 65° met gradeboog.*
(d) *Waar (b) en (c) sny is punt T.*




Oefening 2: Datum:__________________

(1) (a) Konstrueer $\Delta ABC$ met $AB = 80$ mm ; $BC = 66$ mm en $AC = 4$ cm.
(b) Konstrueer AB se middelloodlyn.

(2) (a) Konstrueer $\Delta ABC$ met $\hat{A} = 90°$, $AB = 60$ mm en $AC = 44$ mm.
(b) Halveer $A\hat{B}C$.

(3) (a) Konstrueer $\Delta$ PQR met $\hat{P} = 35°$, $\hat{R} = 70°$ en $PR = 7$ cm.
(b) Konstrueer die loodlyn vanaf R op PQ.

☺ **(a) Konstrueer driehoek ABC met AB = AC = 60 mm en BC = 80 mm.**


**(b) Konstrueer dan die hoogtelyn van driehoek ABC deur A.**

**(c) Watter tipe driehoek is $\Delta ABC$?** ______________________________

## C1.3 Reëlmatige veelhoeke:

*Vb.10 Konstrueer 'n reëlmatige seshoek.*

*(a) Bepaal die grootte van die segment:*
$\frac{360°}{6} = 60°$
*(b) Trek enige sirkel.*
*(c) Merk die middelpunt O duidelik en trek OA.*
*(d) Vanaf OA, by O, konstrueer $A\hat{O}B = 60°$.*
*(e) Verbind AB. Meet die lengte van AB met 'n passer.*
*(f) Gebruik die lengte van AB, gemeet in (e) op 'n passer, en vanaf B, merk nog vyf ewe lang dele af op die omtrek van die sirkel.*
*(g) Verbind die punte in (f) met mekaar.*




Oefening 3:

Datum:________________

(1) Konstrueer 'n reëlmatige agthoek.

(2) Konstrueer 'n reëlmatige vyfhoek.

☺ **By 'n reëlmatige veelhoek is die grootte van elke segment se middelpuntshoek, 30°.**

**Hoeveel sye het die veelhoek?** ______________________________

____________________________________________

## C1.4 Konstruksies sonder 'n gradeboog:

Oefening 4: Datum: ____________________

(1) (a) Konstrueer $P\hat{Q}R = 90°$.
(b) Gebruik (a) en konstrueer $P\hat{Q}S = 45°$, sonder om 'n gradeboog te gebruik.


(2) (a) Konstrueer $\triangle ABC$ met $AB = BC = AC = 7$ cm
(b) Meet die groottes van $\hat{A}$, $\hat{B}$ en $\hat{C}$ van $\triangle ABC$.
(c) Watter tipe driehoek is ABC? ______________________________
(d) Gebruik (a) en konstrueer $A\hat{B}D = 30°$, sonder om 'n gradeboog te gebruik.

(3) (a) Konstrueer $T\hat{R}S = 90°$.
(b) Gebruik (a) en konstrueer $P\hat{R}S = 135°$, sonder om 'n gradeboog te gebruik.

## C1.5 **HERSIENINGSOEFENING:**

Datum:____________________

(1) Konstrueer die onderstaande figuur op skaal.




(2) (a) Konstrueer $\Delta$MNS soos volg:
MN = 7 cm , NS = 8 cm en MS = 70 mm.
(b) Konstrueer die middelloodlyn van NS met die middelpunt B, op NS. Verleng die middelloodlyn. Dit behoort nou deur M te gaan!
(c) Skat hoe lank jy dink MB sal wees.
(d) Kontroleer jou antwoord in (c) deur:
(i) die stelling van Pythagoras toe te pas.
(ii) die lengte met 'n liniaal op die konstruksie te meet.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________


_______________________________________________

(3) (a) Konstrueer 'n sirkel met radius 4 cm.
(b) Konstrueer nou 'n reëlmatige vierhoek.
(c) Wat noem ons hierdie tipe vierhoek?

______________________________

(4) Konstrueer die volgende figuur volgens die gegewe afmetings:

AB = 80 mm
AR = RB
RS = 35 mm
CD = 0,12 m
$D\hat{S}W = B\hat{R}S = 70°$
VR = SW = 1 cm
CS = 2 SD




(5) (a) Konstrueer gelyksydige $\Delta$ KLT.
(b) Gebruik (a) en konstrueer $K\hat{T}S = 120°$, sonder om 'n gradeboog te gebruik.


*************

# Hoofstuk C2


## Lyne en hoeke

### C2.1 Lyne:


(1) Snylyne: Twee lyne wat mekaar sny.
$\therefore$ AD sny BC.





(2) Halveerlyne: Een lyn sny 'n ander lyn presies in die middel.
$\therefore$ PO = OQ.




(3) Ewewydige lyne: Twee of meer lyne wat altyd ewe ver van mekaar af is. Die lyne sal dus nooit kruis nie.
$\therefore$ AB // CD.




(4) Loodregte lyne: 'n Lyn is loodreg op 'n ander lyn as dit 'n hoek van 90° maak met die lyn.
$\therefore$ RS $\perp$ MN.




### C2.2 Hoeke:

(1) Tipes hoeke:

| Tipe hoek: | Voorbeeld: | Hoekgrootte: |
|---|---|---|
| Skerphoek |  | Groter as 0° maar kleiner as 90°. |
| Regte hoek |  | Gelyk aan 90°. |
| Stomphoek |  | Groter as 90° maar kleiner as 180°. |
| Gestrekte hoek |  | Gelyk aan 180°. |
| Inspringende hoek |  | Groter as 180° maar kleiner as 360°. |
| Omwenteling |  | Gelyk aan 360°. |

(2) Aangrensende hoeke:
Dit is twee hoeke met 'n gemeenskaplike hoekpunt en 'n gemeenskaplike arm en die hoeke lê aan weerskante van die gemeenskaplike arm.

